**14 Maart** **Skrifgedeelte: Genesis 12:1-9**
**Fokusgedeelte: Genesis 12:1**

## As God roep

Ons is baie gesteld op sekuriteit en gerief. Ons gaan uit ons pad om die nodige voorsorg hiervoor te tref. Ons wil nie graag die genot en gerief wat ons land, ons huis en ons familie om ons bied, prysgee nie.

Wanneer God egter roep, verander alles. Dan is jou land en jou huis en jou familie sekondêr tot God wat roep. Abraham moes alles verlaat omdat God ’n ander doel met hom gehad het. Uit hom en Saraï, wat ’n kinderlose huwelik gehad het, moes ’n nageslag gebore word, so talryk soos die sterre aan die hemel en die sand aan die see. Uit Abraham sou God se verbondsvolk gebore word. Hy het met al sy besittings en al sy slawe getrek. Hoewel dit ’n groot ontworteling was, was hy gehoorsaam aan God wat roep.

In die vorige oordenking het ons melding gemaak van selfprysgewing. Jesus Christus het alles prysgegee om een met ons te word. Hy was bereid om ’n slaaf te word en die dood aan die kruis te sterf sodat ons verlos kon word. Die bekende woorde van Johannes 3:16 sê aan ons hoekom: “So lief het God die wêreld gehad …”

Ware liefde bestaan uit selfprysgewing. Abraham het homself prysgegee: sy gerief, sy land, sy huis en sy familie, ter wille van God wat hom geroep het sodat ’n nuwe volk gebore kon word. Net so was hy later bereid om sy eie seun op die altaar te plaas in gehoorsaamheid aan God se opdrag.

Wees gehoorsaam as God roep!

*Sing: Psalm 107:1, 2 (Totius)* *Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*